### Zinka vra verder

**25** Natuurlik het ook Zinka, nie net `n deel van hierdie les nie, maar alles gehoor en hy vra aan Ebahl, in wie hy nog die meeste vertroue gehad het: "Vriend, die merkwaardige jongeling wat ons nou net `n hemelse toon laat hoor het en wat nou jou dogter so `n vreemde, mistieke les gegee soos wat ek dit - eerlik gesê - nog nooit gehoor het nie, lyk tog nie heeltemal soos ons wat tot hierdie aarde behoort nie. Sê my eers of die Een dalk agter hom skuil waarvoor Johannes hom te gering geag het om sy skoenrieme los te maak! Hy lyk net te jonk vir my, want andersins sou hy al in die dertig moes gewees het!"

[2] Ebahl sê: "Beste vriend, dit is die jongman weliswaar nie - maar hy is wel `n belangrike leerling van Hom! Want ek moet nou heel eerlik aan jou beken dat die Profeet uit Nasaret `n sodanige mag en wysheid besit dat daar selfs, volgens wat mense sê, engele uit die hemele na die aarde kom om Sy leer te hoor en Sy dade te bewonder en in Hom die almag van Elohim te loof!

[3] As bewys van wat ek sê, dien nou juis die jongeling waarvan jy nie weet wat jy van hom moet dink nie! As aardse mens sien hy tog bietjies te hemels daaruit, en as engel miskien tog nog bietjie te aards uit! Hy woon al ongeveer `n maand by my en is die onderwyser van my dogter. Dat hy op aarde geen vader of moeder het nie en in alles `n mag besit wat gewoonweg fabelagtig is, kan jy sonder meer van my aanneem! Meer weet ek nie van sy afkoms nie. Jy kan hom trouens self vir meer inligting vra, hy sal op geen enkele vraag `n antwoord skuldig bly nie. Daar sit geen greintjie hoogmoed in hom nie!"

[4] Zinka sê: "Ek weet nou genoeg en ook wat ek tydens hierdie buitengewone tyd van die jongeling moet dink! Maar nou sou ek tog wel eers wou weet of die groot profeet uit Nasaret Homself nie ook miskien hier by ons bevind nie!? Want sonder Hom verstaan ek absoluut nie wat `n engel hier so te sê te doen sou hê nie! As Hy hier is, sê my dit dan, sodat ook ek my diepste eerbied aan Hom kan betuig! Want volgens jou verhaal moet Hy `n volstrekte suiwer, goddelike Wese wees. Gee my daarom `n klein aanwysing of Hy hier is, en wie dit is!"

[5] Daarop sê Ebahl: "Beste vriend, wees nog `n bietjie geduldig. Jy sal Hom nog goed leer ken! Tot jou gerusstelling kan ek egter wel soveel sê - omdat jy geen geregsdienaar of agtervolger meer is nie - dat Hy Hom by ons bevind en werklik hier is, anders sou al die Romeinse hoë here regtig nie hier gewees het nie!"

[6] Zinka sê: "Dit is ook genoeg, ek het nie meer nodig nie! Nou sal ek Hom wel ontdek!"

[7] Dit bring ons Zinka tot ruste, maar hy let nou orals op en hou sy oë en ore op Cyrenius, Cornelius en die engel gerig omdat hy gedink het dat hulle My die eerste sou kon verraai. Daarin vergis hy hom ewenwel, want Ek het hulle dadelik in hulle hart gelê wat hulle moes sê en waarheen hulle die aandag van Zinka moes aflei. Ook word die sitting nou opgehef en word die tafels weer opgeruim. Ons gaan na die oewer en het dit daar oor heel onbelangrike sake. Natuurlik verloor Zinka en sy metgeselle ons nie so maklik uit die oog nie.

### Die opwekking van die twee verdrinkte meisies

**26** Met die heen en weer wandel langs die oewer van die see kom ons by die plek waar ons Risa albei die verdrinkte meisies versorg het en wag tot hulle weer lewendig sou word.

[2] Cyrenius sê vir hom: "Wel, vriend Risa, begin die twee reeds so stilletjies aan tekens van lewe te toon?"

[3] Risa sê: "Verhewe meester, al die moeite is verniet! Hierdie twee word eintlik steeds meer dood in plaas van lewendiger, by hulle is regtig alle moeite en verdere behandeling tevergeefs! Slegs Elohim se almag kan hulle die lewe teruggee! Daar baat neerlê en wyn in die mond gooi absoluut niks meer nie!"

[4] **Ek** sê: "Daarvan is jy dus heeltemal oortuig?"

[5] Risa sê: "Meester, kyk maar gou na die blou vlekke en let dan op die reeds ver gevorderde ontbindingsproses, dan sal selfs U dit met my eens wees dat beide slegs op die jongste dag van Daniël deur die almag van Elohim weer tot lewe sal kom!"

[6] Daarop dring Zinka hom ook na vore, omdat hy baie kennis gehad het van gestorwe mense, en hy bestudeer die twee drenkelinge. Na `n uitvoerige ondersoek sê hy ook: "Ons vriend het die waarheid gepraat! Hierdie twee sal tot die jongste dag toe dood moet bly, gestel dat daar op hierdie aarde ooit een sal kom - wat ek moeilik kan glo! Want ek weet waarin so `n klomp vleis verander: In motte, wurms, vlieë, kewers, in allerlei gras en ander plante! Hoeveel word daar nie deur die wilde diere verskeur en opgevreet nie! Hoeveel kom daar nie om in die vuur nie! As hulle op die jongste dag somaar vanself weer bymekaar sou kom en één geheel sou word soos wat hulle nou is, dan doen ek vir ewig volledig afstand van my menswees! Ek, Zinka uit Jerusalem, in talle sake ter sake kundig, beweer hier dat op die jongste dag, wat soos gesê eenmaal sal kom, ook selfs Elohim se almag daar tyd voor sal moet neem om hierdie vroulike kadawers weer tot lewe te bring! Hulle siele sal wel `n nuwe geestelike liggaam kry, maar in hierdie liggame sal geen siel weer deur hoofpyn gepla word nie!"

[7] **Ek** sê vir Zinka: "Vriend! Jy weet baie en jy slaan dikwels die spyker op die kop, maar streng gesproke het jy hier tog ietwat misgetas! Jy het weliswaar volkome gelyk dat `n siel in die hiernamaals nooit in hierdie liggaam sal rondloop nie, maar juis hierdie twee liggame sal tog nog `n tydlank heel bruikbare draers van hulle siele word! As Ek dit wil, moet hierdie twee ontwaak! Eén daarvan sal nog jou vrugbare vrou word en jy sal haar uitermate liefhê, die ander sal die vrou van die ook nog ongetroude Risa word, maar hy sal geen kind by haar verwek nie!"

[8] Daarna roep Ek al twee die drenkelinge en hulle rig hulleself oombliklik op en kyk vol verbasing om hulle heen, totaal nie beseffend waar hulle hulleself bevind en wat daar met hulle gebeur het nie.

[9] Maar Risa en Zinka val voor My neer en Zinka roep: **"U is die Een waaroor Johannes gepraat het! U is egter geen profeet nie, maar <u>U is JaHWeH Self</u>!"**

[10] Ook die nog aanwesige Perse kom na hierdie opwekkingstafereel toe, en die aan ons by name bekende Schabbi sê vir Zinka: "Ek voel dat jy hierdie keer `n korrekte oordeel uitgespreek het! Dit is so, vriend, **- HY IS JaHWeH**! En die jongeling wat ons netnou `n hemelse toon laat hoor het, is `n aartsengel, en wel dieselfde een wat reeds eenmaal op hierdie aarde die jonge Tobias begelei het. So staan die sake: Hy is die groot Messias wat deur alle profete en sieners voorspel is, en met Hom begin `n nuwe, geestelike ryk op hierdie aarde!

[11] **HY IS** dit aan wie baie sal aanstoot neem en wat Hom te lyf sal gaan, en waarmee hulle sal wil doen wat Herodus met Johannes gedoen het. Maar almal wat dit sal probeer, sal hulle te pletter loop teen Sy mag en dom word teenoor Sy wysheid en blind soos die duisterste nag! Want nooit het die aarde Sy gelyke in haar vlees gedra nie!

[12] Wat ek jou uit naam van my twintig metgeselle sê, sê ek jou sonder angs. Van nou af aan vrees ek die wêreld nie meer nie, omdat ek Hom leer ken het. Angs moet slegs hulle hê wat hulle teen Hom wil en sal verhef! O, Hy sal al die boosdoeners baie kragtig aan die tand voel - en duisend maal wee hulle! Hy sal teen niemand met die swaard in die hand ten stryde trek nie, maar die mag van Sy woord sal hulle oordeel en te gronde rig!

[13] Watter mag Sy woord het, daarvan het jy nou die nog naakte bewyse voor jou! Hierdie twee meisies was tog so volkome dood dat gewis niemand ook maar enige twyfel daaroor kon hê nie! Hy sê slegs: 'Staan op!', - en die twee rig hulle op en lewe nou soos opnuut geborenes, vernu en gesond en is volkome helder by hulle bewussyn. Dit sou slegs wenslik wees as beide liewe kinders klere sou kry! Maar ek weet wat ek sal doen! By ons Perse is `n paar vroue wat drie stelle klere by hulle het. Daarvan kan elk `n stel ter beskikking stel en dan is hierdie twee geholpe!"

## Die lewensgeskiedenis van die twee meisies

**27** Hierop rig Schabbi hom tot My en vra of hy dit mag doen.

[2] **Ek** sê: "O, doen dit in elk geval, want deur `n weldaad het niemand nog nooit `n sonde teenoor My begaan nie! Gaan, en laat beide aantrek!"

[3] En Schabbi gaan en binne enkele oomblikke is hy terug met twee kosbare, helder wit syhemde en met twee hemelsblou, kosbare Kashmir oorrokke en daarby twee paar van die duurste fees sandale met lang, sygevoerde bande. Ook twee diadeemvormige kamme en goue voorhoofs-bande, versier met kosbare edelstene, word aan die twee nuutopgewektes oorhandig. Hulle wil egter die sierade, wat vir hulle te kosbaar voorkom, nie aanvaar nie.

[4] **Ek** sê egter: "As Ek dit wil, kan julle aanneem wat julle gegee word, want dit pas bruide om pragtig getooi te wees!"

[5] Toe neem beide ook die sierade aan, en nadat hulle so heeltemal aangetrek en getooi is en daar gestaan het soos twee koningsdogters, toon hulle groot en dankbare vreugde.

[6] Maar toe hulle so voor ons staan en gewoonweg van skoonheid straal, sê Zinka: "Nee, nee, dit is alweer `n wonder! Toe ek beide netnou daar bekyk het toe hulle dood was, het hulle vir my voorgekom soos `n paar vroue van in die veertig, en hulle verskrompelde vorms het geen besondere grasie vertoon nie. Selfs toe hulle daarna op wonderbaarlike wyse opgewek was, was daar niks besonders te aanskou nie, en nou is dit twee skoonhede soos wat my oë nog nooit vroeër aanskou het nie! Nou is dit twee meisies van nog nie twintig nie! Ja, dit is tog ook `n wonder bo wonder! Die jonge Herodias versink daarby in die niet! Nou, as Herodus een van hierdie twee te siene sou kry, sou hy vir haar, as sy dit sou eis, dadelik alle Judeërs laat onthoof! Sou ek, arme sondaar, werklik die barmhartigheid waardig bevind word om een van hierdie twee engele tot vrou te kry, dan sien Jerusalem my nooit weer terug nie, want dit sou `n te groot lokaas vir Herodus en ook vir die talle ander gewydes van die stad van Elohim wees!"

[7] Toe sê Cyrenius: "As hierdie twee wonderkinders geen eie ouers meer het nie, of as die eie ouers, deurdat die dood daartussen gekom het, elke reg op hulle verloor het, dan is hulle my dogters en kry van my `n toereikende bruidskat!"

[8] Toe sê die oudste van die twee, wat Gamiëla heet: "Ons is beide - streng gesproke - ouerloos, en diegene wat ons vader en moeder noem, is eintlik glad nie familie van ons nie. Ons het as kinders van twee en drie jaar in die huis van `n koopman gekom wat eintlik Grieks was en eers later so half en half tot die Jodedom oorgegaan het. Volgens die verklaring van `n ou, ongetroude vrou was ons deur `n slawehandelaar van Sidon na Kapernaum gebring en daar deur die betreffende koopman, wat ons vader genoem het, vir vyf varke, drie kalwers en agt skape gekoop.

[9] Die verkoper moes daarby dokumente aan die koopman gegee het waarop ons name en die van ons oorspronklike ouers vermeld sou staan! Ons egte ouers moes Romeine van baie hoë afkoms gewees het, maar wat daarvan waar is, weet ons nie. Met die reis waarop ons verongeluk het, het ons egter ook die geheime doel om by `n familielid wat in `n ander plek gewoon het as ons skynouers, die volle waarheid te hoor, of ons egte of werklik slegs gekoopte dogters van ons ouers was.

[10] Ons het ewenwel in die hande van brute seerowers geval, word van alle meegenome besittings beroof, ons klere word uitgetrek, daarna, ondanks al ons smekinge met ons hare vas aanmekaar gebind en so lewend in die diep see gegooi. Wat later met ons gebeur het, weet ons nie, en ons weet ook nie hoe ons op hierdie plek wat algeheel onbekend aan ons is, gekom het nie en wie ons die lewe teruggegee het nie; want ons moes tog gewis dood gewees het toe die mense ons, waarskynlik deur die see aan land uitgespoel, êrens langs die oewer of op die strand gevind het! - Waar is ons dan nou, en goeie verhewe mense, wie is u?"